HOËRSKOOL FICHARDTPARK

# FICHIES - NUUSBRIEF

Tel: 051 522 6927 | Faks: 051 525 2043 | Epos: fichpos@fpark.co.za

## UIT DIE SKOOLHOOF SE KANTOOR

"Ons moenie net gee wat ons het nie, ons moet ook gee wat ons is" – Joseph Mercier.

## "SCHOOLS THAT ROCK"

"Schools that rock" plaas skole nuus en prestasies, gaan kyk gerus na die volgende link na aktiwiteite en prestasies van Hoërskool Fichardtpark.

https://freestate.schoolsthatrock.co.za/category/free-state-schools/hoerskool-fichardtpark/

## WOW-SPELKOMPETISIE

Baie geluk aan die volgende leerders wat plekke gedurende die kompetisie behaal het:

**Gr. 8**

1) Johan Volschenk (5de)
2) Suné Booysen (1ste-deur na die Vrystaat kring).

**Gr. 9**

1) Nikia Pottas (4de)

## UITSLAE

**Teakwando**
J.B Rouwenhorst behaal Vrystaatklere in Taekwando.

**Motocross**
Anrico Friedrichs en Rikus Karsten is verkies tot die Vrystaat Motocross Span.

**Meisieshokkie**
o/18A wen 4-1 teen Hoërskool Sentraal.

**Rugby Semi-finale**
2de – wen 25-20 teen Hoërskool Jim Fouché
Boomspan – kry punte
o/14A – wen 31-15 teen Hoërskool Landboudal

Sterkte met die finale.

## PRODUKSIE

*"Shakespeare het Talent"*
Baie dankie aan Juff Jean-Marie Lombard en Juff Emmarentia Botes en al die leerders. Dit was 'n groot sukses. Ons is baie trots op julle. Die volgende personeel was ook betrokke Juff Nadia Joubert: Ligte en dans afrigting. Juff Jaqu-Lize Marais het die dekor gedoen asook Juff Lise-Mari Otto.

## KLEREWINKELTYE

Maandag tot Vrydag: 13:00 - 15:00.

## FICHIE VERF-FEES

Die "Fichie Verf-fees" vind
Vrydag, 16 Augustus plaas.
Kom ons ondersteun hierdie geleentheid deur die leerders se borgvorms te voltooi.

## VAKKEUSE GRAAD 9

U kind het 30 Julie belangrike dokumente ontvang rakende vakkeuses vir Gr 10. Maak seker dat u hierdie inligting saam met u kind bestudeer voor die Gr. 9 –oueraand op Dinsdag 6 Augustus. Diegene wat aanlegtoetse geskryf het, het ook hul verslae 30 Julie ontvang.

## VRYSTAAT RUGBY FINALE

Saterdag 3 Augustus te Shimlapark

| Tyd | Veld | Span |
|---|---|---|
| 08:00 | Stadion | o/14A vs. Hoërskool Jim Fouché |
| 08:00 | Buiteveld 1 | Boomspan vs. Hoërskool Sentraal |
| 11:20 | Stadion | 2de vs. Hoërskool Sentraal |

## FOTODAG – MAANDAG 5 AUGUSTUS

**Skoolfoto's:**

Enkelfoto's en klasfoto's is reeds geneem en kan bestel word.

Alle ander groepfoto's word op Maandag, 5 Augustus 2019, geneem.

Op Maandag, 5 Augustus, word die gewone akademiese skoolprogram gevolg.

Periode 1, 2, 3, 4 en 9 sal gevolg word. Pouse is direk na periode 9 en leerders wat nie by die foto's betrokke is nie mag om 11:15 verdaag.

Alle leerders woon skool by in gewone skooldrag.

Na afloop van pouse word alle groepfotos, leerders in skooldrag, geneem. Na afloop van hierdie foto's sal alle sport en aktiwiteitsfoto's geneem word. Leerders bring hul sportdrag vir hierdie foto's saam. Baie van hierdie foto's word op die sportgronde geneem.

**Hoe plaas ek my bestelling:**

Kry fotonommer van enkelfoto by klasonderwyser.

Fotonommer van groepfoto's is by foto's. (Sal by personeelkamer opgeplak word)

Klasfoto – skryf net Graad en seksie (Bv 11 A)

Bestelvorms by tannie Elizabeth Gouws beskikbaar.

Voltooi bestelvorm vir enkelfoto en groepfoto's.

Betaal die bedrag betaalbaar by tannie Elizabeth. Sy sal jou kwitansienommer op die bestelvorm skryf. Gooi nou die bestelvorm in houer by tannie Elizabeth.

As jou ouers elektronies betaal het moet jy bewys van betaling aan bestelvorm vaskram. Verwysing – Naam en foto's Bv. (P. Botha – foto's)

BELANGRIK: Foto is eers bestel sodra bestelvorm in houer geplaas is.

Groepfoto's kos R35.

Enkelfoto's kos R60

Enkelfoto pakket bestaan uit die volgende:

1 x A5 Foto =( 15 x 20 cm)

1 x Jumbo =(10 x 15 cm)

2 x boekmerke = (5 x 15 cm elk)

4 ID foto's

## BERLESELL MANNE-AAND

Ons jaarlikse manne-aand wat ook ‘n belangrike fondsinsamelingsprojek van die skool is, vind plaas op Donderdag 15 Augustus en die kostes beloop R3000 per tafel (van 10 mans).

Ons versoek graag dat ouers en vriende van die skool ons sal ondersteun.

Kontak Mnr. Jacques de Kock by: bemarking@fpark.co.za

## KULTUURWEEK 2019: 5 AUGUSTUS TOT 8 AUGUSTUS

*TEMA: Kultuur my erfenis.*

*Hoogtepunte:*

- Spesiale Opening met Brent en die VCSV dansgroep.
- Elke dag is daar ‘n kuns en fotografie uitstalling in die voorportaal.
- Back Stage teater met Eric Curlewis en vriende.
- Matriek drama aand:  Juf Jean-Marie.
- Videografie in die sanglokaal.  Jandré en Ruan.
- Radio Fichies by die Snoepie: Juné en Juf Otto.
- Kreatiewe skryf met Francois Smith.
- Drama werkswinkel met Gerben Kamper.
- Night Painting met Juf Theron.
- Woensdag Civies betaal R10.00 en FICHIES GOT TALENT.
- Lukraak debat met Juf Erna en Juf Botes.
- Marimba Madness met Magda de Vries.
- SW vasvra met Juf Erna.

## KULTUURWEEK 2019

*Inligting vir TOEGANGSKAARTJIES, epos en ADVERTENSIES:*

*Erfenisdans*

Hoërskool Fichardtpark bied, in samewerking met die Brandkop Voortrekker Kommando en die ATKV, hierdie dans aan.

- Datum: **23 Augustus 2019**
- Plek: Skoolsaal van Hoërskool Fichardtpark, Hudson Rylaan, Fichardtpark.
- Tyd: 19:00
- Toegang: R180 per persoon. SAMBA en kaartfassiliteite beskikbaar.
- Ingesluit: ‘n Tradionele driegangete
- Kontantkroeg
- Gaskunstenaars: Boeremusiek Gilde se orkes.
- Kaartjies is tussen 08:00 en 14:00 by die skool beskikbaar.
- Vir verdere navrae kontak Jacques de Kock by 081 367 7623.

Bring u vriende en vier ons kulturele erfenis saam met ons.

## FOOD AND BEVERAGE INSTITUTE (FBI) SE SKOLE SJEFKOMPETISIE VIR DIE VRYSTAAT EN NOORD-KAAP

Twee Verbruikerstudies Graad 12-leerders, Kayla Bezuidenhout en Johan Steyn, is as finaliste in die Food and Beverage Institute se Skole Sjefkompetisie vir die Vrystaat en Noord-Kaap aangewys. Hulle gaan op Saterdag, 3 Augustus 2019 aan die finale rondte deelneem waartydens hulle ‘n 3-gang maaltyd in drie ure moet voorberei. Die voorgereg moet ‘n verskeidenheid van drie Kanapees insluit, die hoofgereg moet van steak maalvleis berei word en die nagereg moet ‘n gebakte gereg wees.

Elk van hierdie leerders het alreeds met hul insluiting in die finale rondte, ‘n studiebeurs van R12 500 verdien.